

1 April

Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-6

Fokusgedeelte: Spreuke 1:2

Die doel van Spreuke

Wysheid is die *hoe* van die lewe. En soms is lesse in wysheid heel prettig. Soos die keer toe my ma ons gesin heelmiddag voor stok gehad het dat ons nie genoeg in die huis help nie. Met hierdie storm nog om ons, gaan sit ons vuisvoos aan by die tafel vir huisgodsdienste. My pa maak die Bybel oop en lees verder in Spreuke vanwaar hy gister opgehou het: “'n Aanhoudende gedrup op die dag van 'n stortreën en 'n twisgierige vrou is net eenders” (Spr. 27:15). Onder ons gesin se gelag het die son van God se helende wysheid die reëndag oor ons huis verdryf. Ons het verstaan my ma is eintlik reg (ons beter vinger trek) en my ma het verstaan dis nou genoeg (ons verstaan). En ons gesigte het die heerlike sonskyn van God se teenwoordigheid in daardie moment weerkaats. Praat van die Gees se *wyse* tydsberekening!

Dit is wat wysheid doen: Sy ontwapen, sy oorrompel, sy slaan wind-uit, sy maak nederig, sy ontknoop, sy tel op, sy gee hoop, sy bring uitkoms, sy heel, sy laat weer lag ...

Maar dan beter ons ons oopstel om te *leer* hoe God se wysheidshart oor die lewe self klop. Het jy raakgelees hoe elke vers van vers 2 tot 6 *verandering* verwag, op *groei* sinspeel? Hoe op aarde kan ek môre dieselfde wees as ek my vandag oopgestel het om wysheid te leer?

Ons dink tog nie dat ons in ons Here Jesus soos in 'n wingerstok ingeplant is, maar nie vandag nuwe lote sal spruit, blare stoot en vrugte dra nie? Hy het mos uit die dood opgestaan, dit is mos die sap van sy nuwe lewe wat in ons opstoot.

Iewers het iemand gesê: “Daar is niemand so onhoudbaar as iemand wat nie wil leer nie.” Welkom by die Spreukeboek. Lekker leer!

Sing: Psalm 25-1:2, 6 / Psalm 25-2:2, 3

Ds. JP Fleischmann (Kaapstad)